

Die Tekkelboks

NUUSBLAD VAN BIRKENHEAD BOOTKLUB - Junie 2021

Klub staan nog sterk

Dit gaan goed met Birkenhead Bootklub, ondanks die vele uitdagings wat die Covid-19-pandemie meebring. Die klub het 'n stewige neseier in die bank, die ledetal het tot 68 gestyg en die hengelkompetisies sowel as die maandelikse gesellighede (ete en dans) word goed ondersteun. 'n Ou gebruik het herleef en help baie om die klubgees verder te versterk. Dit is 'n weeklikse byeenkoms op Woensdae waar lede gesellig saamkuier by bv. 'n bring-en-braai afgewissel met Margi Muller se lyndansers. Dié samekomste spruit uit die inisiatief van die waarnemende voorsitter, Robbie Nelson, en lok tot 30 gaste op 'n keer. Dit spreek vanself dat die kroeginkomste, lewensbloed van 'n sportklub, hierdeur 'n stewige hupstoot kry. Bywoning van die maandelikse ete/dansgesellighede is ook hoogs bevredigend, veral as die beperkinge van Covid 19-maatreëls in ag geneem word. Sanet Byrne het die spyseniering oorgeneem, met hulp van Marié Nelson, en hul geregte vind wyd byval. Hengelkompetisies het al 'n paar keer weens ongunstige weer in die slag gebly. Wanneer dit wel kon plaasvind, het tot 12 bote op 'n keer deelgeneem en is in 'n gesonde gees meegeding. Die klub het die afgelope jaar reeds 13 nuwe lede verwelkom, van wie die meeste hengelaars is. Robbie het ook die onderlinge kommunikasie verbeter met WhatsApp-groepe vir lede sowel as die komitee. Veral die hengelaars is bedrywig met die uitruil van foto's en ander inligting oor goeie vangste. Met al hierdie positiewe tekens is dit dus geen wonder dat Philip Fourie met die ontvangs van sy en Lorraine se erelidmaatskap vol lof was vir die mooi dinge wat in die klub gebeur nie.

Charlie sê dankie

Charlie Steyn het dié boodskap op BBK se WhatsApp-groep geplaas (effens verkort):

"Ek wil graag die bestuur bedank vir my aanvaarding as klublid. Dankie ook aan die voorsitter en sy vrou en ander helpers vir die fantastiese kos voorgesit by die dans op 5 Junie. Ek kan dit regtig nie glo dat ons slegs R110 betaal vir die kos, dans, musiek, kroegfasiliteite ens. nie. Hierdie voordele moet ons waardeer, en ek glo elkeen moet 'n bydrae lewer en betrokke wees om die klub bo te hou."

Redakteur sê: Gee daai man 'n Bell's! Die komitee verwelkom terugvoering van enige aard.



Kenny Owen kan sy lus nie hou vir die krewes wat hy gevang het nie. Hengelvorslag op bl. 2.



Geraldine Schreiber agter BBK se kroegtoonbank. Sy is vir 'n proeftydperk van drie maande as kroegdame aangestel in die plek van Ralph Gibbs, wat uitgetree het. Geraldine sal ook kroegaankope doen, die skoonmaak van die saal reël en saalverhuring behartig. Sy kan bereik word by selno. 083 777 4555 en e-posadres schreiber.geraldine@gmail.com.

Ralph skink laaste ronde



Birkenhead Bootklub het binne ses maande van twee jarelange staatmakers afskeid geneem. Eers het Philip Fourie ná 15 jaar in die bestuur (waarvan 7 as voorsitter) uitgetree en pas het Ralph Gibbs ná nege jaar agter die kroegtoonbank sy laaste drankie bedien. Sy persoonlike omstandighede het Ralph (74) tot dié stap laat besluit. Hy en sy vrou van 52 jaar, Hannalene, het onlangs van Kleinbaai na Baardskeedersbos verhuis. Dit het meegebring dat hy heelwat verder moes reis na en van sy heeldydse werk sowel as die bootklub. Veral die aandriery was vir hom moeilik. Voor einde vanjaar wil hy ook as bemakingsbestuurder van Gansbaai Fitment Centre aftree en dan die rustige lewe op Bbos ten volle saam met Hannalene geniet. Ralph sê hy sal die samesyn en vriendskappe met die bootklubmense mis. “In al my jare was verreweg die meeste klublede altyd bedagsaam, beleef en goedgesmanierd. Net hier en daar was ‘n suurknol.” Philip Fourie, wat lank nou saamgewerk het met Ralph, het die volgende lof vir hom: “Ons het oor die jare verskeie mense gehad wat die kroegmanfunksie gevul het, en ek kan eerlikwag sê dat Ralph verreweg die mees nougesette persoon was. Sy interaksie met lede was uitstekend en sy grappies sal vir seker gemis word.” Dit was juis Birkenhead Bootklub wat Ralph in 2012 in Gansbaai laat beland het. Hy het gereageer op ‘n advertensie vir ‘n kroegman en is aangestel. In daardie stadium het hy na ‘n plaas naby Stilfontein omgesien ná ‘n loopbaan van 32 jaar in die SA Vloot. Ralph was ook vir vier jaar klubbestuurder van BBK en het tot met sy bedanking saalverhuring behartig. Hy sê hy en Hannalene, wat hom met kroegtakies gehelp het, sal mettertyd weer bootklubgesellighede bywoon – met dié verskil dat hulle twee dan bedien gaan word!

Taai stryd in hengel

Die voorlopers keil mekaar behoorlik op by die halfpadmerk van Birkenhead Bootklub se 2021-hengelkompetisie. Ben Uys (17.8 kg) gee die pas aan in die mansafdeling, met Ric Kuisis (17.35), Norman Kemm (16.9) en Robbie Nelson (16.25) op sy hakke. Ben is die verdedigende kampioen en sy boot, Oupa, het verlede jaar die Mariner Marine-trofee gewen. Oupa loop weer voor in die boot-afdeling met vangste van 17.49 kg. Ric se @Work is tweede met 14.59 en Myne Dié van Bev Swart derde met 12.93. In die vroueafdeling is Anita Vermeulen voor met 12.65 kg en Colleen Kemm tweede met 8.55. Danie du Toit jr (7.1 kg) is die voorste junior. Ben Uys het dusver die swaarste vis gevang – ‘n geelbek van 3.45 kg wat hy op 6 Februarie uitgetrek het.

*Puntestand soos voor byeenkoms van 19 Junie 2021.

Robbie sê sy sê

Die NG Kerk Pietersburg-Noord het ‘n bordjie net voor die hoofuitgang met die volgende boodskap: “Die Kerk verlaat nou die terrein”. Dit sal my altyd bybly en wanneer ek na Birkenhead Bootklub kyk, kom ‘n soortgelyke gedagte by my op – sonder lede bly die klub maar net ‘n gebou. Die lede is die klub en die klub is die lede en dit kan nooit geskei word nie. Die 2021-komitee het op die eerste vergadering besluit dat dit is waar ons fokus moet wees: by ons mense. Dat ons moet kyk hoe aangenaam ons dit kan maak, al beteken dit dalk kleiner winsmarges wanneer ons gesellighede hou. Die hoofdoel is dat ons mense dit moet geniet! Hopelik slaag ons in hierdie doel en as daar enigsins voorstelle is hoe om te verbeter op ons diens, voel asb. vry om dit onder die komitee se aandag te bring. Ons maak reeds die klub meer gereeld oop om samesyn te bevorder en natuurlik ‘n ekstra inkomste te verkry om die finansiële kant nog sterker te maak. Ons groei ook goed en ‘n hele paar nuwe lede het vanjaar bygekom.

Nou ‘n klompie dankies van my kant af. Ek wil graag my dank uitspreek aan ons lede (en ander gereelde besoekers) vir jul getroue ondersteuning in die eerste ses maande van die jaar. Besondere dank ook aan elke komiteelid vir jul insette en harde (onbetaalde!) werk. Dit gaan nie altyd maklik nie aangesien ons ‘n klompie vakatures het. Dankie aan die komiteelede wat vir my en Marié laat welkom voel het en vir jul ondersteuning. Dankie aan Ralph en Estelle, wat in hierdie jaar klaargemaak het, en vir Geraldine, wat intussen vir ‘n proef tydperk aangestel is as kroegdame. Laaste maar nie die minste nie aan Sanet, wat die nie-so-maklike taak het om voedsel voor te sit by ons maandelikse gesellighede.

Ek wil graag in hierdie stadium reeds vra dat lede dit sal oorweeg om by die komitee aan te sluit. Van die bestaande komiteelede het aangedui dat hulle aan die einde van die jaar wil klaarmaak ná lang jare van diens en ons moet dan bekwaam en gewillige persone in hul plekke aanstel. Indien iemand beskikbaar is, laat my gerus weet – ek sal dan detail bekend maak. Ons vertrou dat die tweede helfte van 2021 vir almal voorspoed sal bring en dat die vissermanne en -vroue nog meer en groter vis sal vang!

Robbie Nelson (waarnemende voorsitter)



Drie BBK-komiteelede, v.l.n.r. Robbie Nelson, George Rowan en Johan Burmeister, met hul vangste.

Fouries vereer vir bydraes tot klub

Philip en Lorraine Fourie het welverdiende erkenning gekry vir hul uitmuntende diens oor meer as twee dekades aan Birkenhead Bootklub. 'n Sertifikaat van erelidmaatskap is by die maandelikse ete/dansgeselligheid in April aan die twee oorhandig.

Die klub het in sy 33-jarige bestaan nog net aan elf mense erelidmaatskap toegeken. Dit is nou vir die eerste keer in meer as twintig jaar gedoen. Erelidmaatskap kan net bekom word deur 'n eenparige besluit van die bestuurskomitee, wat duidelik wys hoe uitsonderlik die Fouries se bydraes geag word. Philip het 15 jaar in die bestuur gedien, waarvan die laaste 7 as voorsitter. Lorraine was 10 jaar lank 'n bestuurslid.

Die geleentheid is nog meer spesiaal gemaak deurdat Philip se Gansbaai-familie (al die oorlewende broers en susters en hul gades) teenwoordig was.

Lorraine het agterna in 'n bedankingsbriefie aan die BBK-komitee geskryf: "Ons wil vir almal op die bestuur dankie sê vir die mooi gebaar om ons erelede te maak. Ons het dit nie verwag nie. Vir die eerste keer vandat ek die familie ken, het niemand uitgepraat nie en om almal daar te sien was vir Philip 'n wonderlike verrassing. Dit is goed om te sien dat die klub in goeie hande is en dat alles so vlot verloop. As julle ooit hulp nodig het, moenie huiwer om te vra nie. Soos julle weet, bly ons lede en sal ons mekaar nog gereeld sien."

NS: Saam met die vreugde was daar ook hartseer. Twee erelede, Tjaart Olivier en Cedric van der Vyver, is einde verlede jaar oorlede.



Philip en Lorraine Fourie met hul sertifikaat.

Van die Redakteur

Toe eers Lorraine en later Philip Fourie as komiteelede van Birkenhead Bootklub uitgetree het, het talle lede seker gewonder hoe hierdie yslike leemtes ooit gevul sou kon word. Maar, soos die gesegde lui, "cometh the hour, cometh the man (and/or woman)", want 'n nuwe staatmaker-egpaar het na vore getree in die persone van Robbie en Marié Nelson.

Met dieselfde ywer en inisiatief as die Fouries het die Nelsons hul pligte aangepak. Robbie is as waarnemende voorsitter as 't ware by die diep kant ingegooi weens veral die eise wat die Covid-19-pandemie ook aan sportklubs stel. Hy verdien lof vir sy leiding en hantering van die situasie. Marié verrig puik werk as tesourier en met haar bydraes tot die spyseniering by ons gesellighede.

Nog 'n hardwerkende en toegewyde egpaar is Steve en Margi Muller. Steve behartig al byna tien jaar lank die onderhoud van die klubsaal en doen dit deeglik en pligsgetrou. Margi bring haar kant met besprekings en tafelpasings vir die maandelikse gesellighede, hoewel sy nie 'n komiteelid is nie. 'n Sportklub kan nie voortbestaan sonder sulke lojale dienaars nie. Dankie aan hulle!

In hierdie uitgawe neem ons onder meer afskeid van ons gewilde kroegman, Ralph Gibbs, en kyk na die stand van sake in ons hengelkompetisies. Dankie aan Hardus Botha vir foto's en Elize Eygelaar vir rekenaarhulp met die saamstel van ons klubkoerantjie. 'n Klublid, Hein van Wyk van Overberg Computers, stuur *Die Tekkelboks* per e-pos aan lede. Lekker lees en kyk!

Gerrit Cloete



Birkenhead Bootklub se rolbalspan het in April vanjaar die derde plek uit twaalf spanne verwerf in Franskraal Rolbalklub se gewilde jaarlikse Sakeliga. Hier staan Steve Muller (links, kaptein) en Johan Wiese (bestuurder) met die skild wat aan die span toegeken is. Steve-hulle het onder meer die kampioene, die Lionsklub, geklop.

